Tjokkies Preprimêr
TEL: 051-522 3628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

**Kw. 3 NUUSBRIEF 4**
**18 September 2025**

So het die Derde Kwartaal aan sy einde gekom, dit was 'n bedrywige kwartaal vol heerlike gebeurtenisse!

In die koue het ons weggespring met Warm Woensdag.

Die Baby Tjoklits sport– en pretdag en die Tjokkie Lympic's was 'n groot hoogtepunt.

Die kleuters het fluks gewerk, geleer en gevorder.

Verder het ons 'n hele akademiese tema-week gehou met Mannetjie Maandag, Dans Dinsdag, Wiskunde Woensdag, Dotty Donderdag en Visvang Vrydag.

Die Lente-gogga's het die Lente ingelei en ons Tjokkietuin het nuwe lewe gekry… net betyds vir kaalvoetjies om in die tuin speel.

Allerlei nuwe opvoedkundige produkte is aangekoop.

Laaste op die program was 'n lekker kuierdag by die "grootskool" vir al die Gr R kleuters wat volgende jaar Gr 1 toe gaan.

**Al hierdie dinge is moontlik danksy u as lojale en ondersteunende Tjokkie-ouers asook 'n personeel-span wat met hart en hande vir Tjokkies werk.**

**'n Groot dankie vir 'n goeie kwartaal!**

## Middagsorg

Ons middagmaats by Tjokkies geniet elke dag 'n middag rustydjie, daarna verversings, speletjies en aktiwiteite. Hulle kry daagliks koeldrank, koekies of heerlike vrugte. Baie dankie aan ons middagspan met juffrou Lee-Ann, wat leiding neem om te sorg dat ons middagmaatjies veilig, gelukkig en tevrede is.

## Klasfoto's

Elke kleuter ontvang vandag 'n klasfoto in die Briewesak

# Tjokkies Personeel Melodrama

## Kom lag saam, die Kleuterskool juffrouens neem ook deel!




- Kaartjies is nog beskikbaar vir Dinsdag en Woensdag.

  Skakel is op die Community gedeel.

- Enkele sitplekke by tafels vir Donderdagaand se Skouspel is nog beskikbaar@R200.00 per persoon. Sluit ligte ete in, bring eie drinkgoed en snacks indien verkies.


  Kontak vir Annelize by 051 5221371, so spoedig as moontlik om teleurstelling te voorkom.

# Herinnering:

- **<u>Konsertfooi:</u>**

**'n Konsert deelname-fooi van <u>R230 per kleuter</u> (vir alle kleuters) is reeds 'n geruime tyd betaalbaar op Karri en sluit môre, 19 September. Maak asseblief seker dat u dit vir u kleuter inbetaal.**

## <u>Graad R:</u>




- **Die afmerklys (<u>Amper Groot Skool Toe!</u>) wat einde Julie huistoe gestuur is moet asb Maandag 22 September in die briewesak teruggestuur word.**

- **<u>Gradeplegtigheid</u>:**

**Ons herinner u daaraan dat Gr R-kleuters wat volgende jaar Gr 1 toe gaan hul Gr 1 Tjokkie skooldrag vir die Gradeplegtigheid benodig. Seuns slegs die broekie en hempie, dogtertjies die Tjokkie rokkie.**

**Geen skoene, almal kaalvoet.**

# Wat lê voor:



- **Woensdag 24 September**
  - Erfenisdag (Vakansiedag)
- **Woensdag 1 Oktober**
  - Konsertkaartjies bespreking en betaling open op Karri
- **29 September tot 2 Oktober**
  - Tjokkies Personeel Melodrama
  - Kaartjies reeds te koop
- **Vrydag 3 Oktober**
  - Skool sluit om 10:00
- **Maandag 13 Oktober**
  - Skool begin
  - Daagliks konsert oefening
- **Woensdag 22 Oktober**
  - Gr 1 Ouer Inligtingsaand
- **Vrydag 7 November**
  - Laaste skoolfooi paaiement betaalbaar
- **Maandag 10 November**
  - Kleedrepetisie (alle kleuters)
- **Woensdag 12 November**
  - Konsert (alle kleuters)
- **Donderdag 13 November**
  - Konsert (alle kleuters)
- **Dinsdag 18 November**
  - Gradeplegtigheid Gr R
- **Maandag 1 Desember**
  - Alle 2025 skoolrekeninge moet ten volle vereffen wees (soos in u ooreenkoms met die skool)

Tjokkies

PREPRIMÊRE SKOOL
UNIVERSITAS

15 September 2025

## Tjokkies Preprimêre Skool

### Aansoeke vir die volgende pos word ingewag:

**Grondslagfase Internskap Assistent (Graad R)**

CV met verwysings word benodig.

**Gesertifiseerde dokumente aangeheg (nie ouer as ses maande nie):**

* Graad 12 Sertifikaat
* Bewys as ingeskrewe onderwys student by 'n tersiêre akademiese instelling
* ID dokument
* Geldige rybewys / eie vervoer
* Polisieklaring (of bewys dat daarvoor aansoek gedoen is)
* Tydelike SACE registrasie
* Noodhulpsertifikaat is 'n aanbeveling

**Taal van onderrig:** Afrikaans

**Salaris:** Markverwante Beheerliggaampos

**Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2026

**Werksure:** 7:00 - 13:30 (Maandae tot Vrydae)

**Sluitingsdatum vir aansoeke:** Donderdag, 16 Oktober 2025 om 12:00

Handig by Tjokkies Preprimêre Skool in of stuur per e-pos na preprim@tjokkies.co.za

Baie dankie vir u aansoek.

*Indien u twee weke na die sluitingsdatum geen kommunikasie ontvang het nie, kan u aanvaar dat die aansoek ongelukkig onsuksesvol was.*

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein
Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: 051 522 3628
Faks: 051 522 3628
E-pos: preprim@tjokkies.co.za
www.tjokkies.co.za